Foto: Riata Nel

Wasgoedpennetjie-geloof

Ons het nog altyd hout-wasgoedpennetjies gebruik om ons nat klere op die wasgoeddraad in Sasolburg (Vrystaat) vas te pen, maar hier in Strand het die Suidooster sommer vroeg al 'n stokkie hiervoor gesteek. Ons het wasgoed gewas, dit opgehang toe die Suidooster begin waai en lag-lag die hout-wasgoedpenne in stukkies breek, sodat al die klere grond toe val.

Vir meer as 20 jaar het dié wasgoedpenne hul doel gedien en was dit voldoende vir die area waar ons gebly het.
Ek is winkel toe om nuwe wasgoedpennetjies te koop. Daar was baie wasgoedpenne... verskillende make, kleure en groottes, ook hout, maar ek het dit dié keer aspris mis gekyk. Ek is daar uit met twee verskillende pakkies, net om te toets.

Die nuwe wasgoedpenne werk goed en as dit saam met 'n hout wasgoedpen (waarvan ons nog baie het) gebruik word, is dit ook 'n wen kombinasie. Dit weerstaan die wind se krag en die klere bly hang.

Die hout-wasgoedpenne was vir jare voldoende, tot ons omstandighede verander het. Dit het ons genoop om beter en sterker wasgoedpenne te kry. Die naam is dieselfde, die doel is dieselfde, dit lyk effens anders, maar dit bly 'n wasgoedpen.

So is dit in ons lewe en met ons geloof.

In die donkerste tyd van jou lewe, wanneer alles in stukkies gebreek is, kan ons op 'n nuwe, tog bekende manier nader aan God beweeg. Doen meer, bid meer, lees meer en praat met God.
God sal jou gebroke hout-wasgoedpenne vervang met sterk wasgoedpenne wat jou sal anker en deur die donker storms van die lewe sal dra.

Riata Nel

Geen eredienste of byeenkomste in kerkgebou tot verdere kennisgewing

Weens die hoë risiko van infeksie in die Wes-Kaap sal daar vir Junie nog geen eredienste of byeenkomste in die kerkgebou wees nie. Ds. Petrie, Charlene en Riata werk van die huis af en kan enige tyd gekontak word. Mense wat graag wil help met kospakkies of donasies/gelde/dankoffer kan ons kontak en ‘n afspraak maak om dit by die kerkkantoor af te gee.

Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: petrie@lourensrivier.co.za
Riata 082 560 5283 e-pos: admin@lourensrivier.co.za
Charlene 082 384 4037 e-pos: fin@lourensrivier.co.za

Kospakkies en hulp

Ons het tydens die inperking verskeie lidmate met kospakkies gehelp, baie dankie vir elkeen wat tot die koskas bydra en bygedra het. Ds. Petrie is beskikbaar om kospakkies en skenkings asook donasies te ontvang. – Kontak hom asseblief om te reël om donasies/kos/skenkings by die kerk af te gee.

Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: petrie@lourensrivier.co.za

Dankoffers/gelde/kollekte

Mense wat graag dankoffers/gelde/kollekte wil gee, kan dit in ‘n toegeplakte koevert by die ingeboude posbus by die kerkkantoor ingooi. Kontak Charlene om te reël om geld/kollekte/dankoffers by kerk in te betaal as jy dit nie in die posbus wil gooi nie. Charlene 082 384 4037 e-pos: fin@lourensrivier.co.za

JEUG!!!!

Sondag 14 Junie!!! Skakel in en neem deel!! Ons sien uit om julle almal weer “aanlyn” te sien.



Kniewerk

- **Voorbidding vir :**
  - Marina Volschenk – gesondheid.
  - Joël Kriegler - gesondheid.
  - Elsabé Dreyer - ernstig siek.
- Ons bid vir ds. Petrie vir sy boodskap.
- Ons bid vir almal wat terug is werk toe en die wat wag om weer te begin werk.
- Ons bid vir werksgeleenthede en geleenthede vir elkeen wat werk soek.
- Ons bid vir ons regering, die president, die medici en almal en 'n kuur vir die virus.
- Ons bid vir elke liewe lidmaat in dié tyd van onsekerheid.
- Ons bid vir almal wat siek is of in die hospitaal is.

Koninkrykstyd

Bron: Leesrooster vir lidmate

Koninkrykstyd begin wanneer die Pinksterseisoen afgesluit word met Drie-eenheid-sondag. Dit eindig met die Sondag van Christus die Koning, net voor die Adventseisoen en dus die volgende kerkjaar. In die Suidelike Halfrond val Koninkrykstyd in die herfs en veral in die winter waartydens ons op baie plekke in ons land die groen van die natuur sien verdwyn. Ons beleef dus in Suid-Afrika, anders as in die Noordelike Halfrond, in hierdie seisoen van die kerkjaar die tekens van afsterwe en doodsheid. Reeds in Paastyd en Pinkster word ons egter uitgedaag om die krag van die opstanding te midde van hierdie sigbare tekens van doodsheid te verkondig, te bely en uit te leef. Koninkrykstyd gaan daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) gevestig word in elke faset van die lewe.

Ons word herinner aan die roeping om die gawes wat ons tydens die feeste ontvang het , in die lewe van elke dag uit te leef. Christus se heilswerk, soos dit in die voorafgaande seisoene stuk vir stuk gevier is, het implikasies vir ons betrokkenheid by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Simbole, rituele en gebruike in Koninkrykstyd: Die sentrale simbool van hierdie tyd is die van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld. Die teksgedeeltes van Koninkrykstyd hou verband met die tema dat Jesus die Here van alle here, die Koning van alle konings is. Die Protestantse kerke vier in hierdie tyd ook die geboorte van die Hervorming, toe Martin Luther sy stellings teen Wittenberg se kerkdeure vasgespyker het. Die vraag waarmee Christene hulle Koninkrykstyd besig hou is: Wie moet ons liefhê? Met hierdie vraag ontdek ons hoe ons Christus se liefde, wat ons in die eerste deel van die kerkjaar gevier het, kan uitleef. Daarom is die hart ten diepste 'n Christelike simbool.

Kleure:
Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyd op lewe, groei en vooruitgang.

Geestelike Video-boodskappe: Ds. Petrie

Sondag 7 Junie 2020
Video
https://www.youtube.com/watch?v=X0J-2RHaWQY&t=10s
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Gen_1_-_2v4.pdf

PINKSTER 2020

Sondag 31 Mei
Video:
https://www.youtube.com/watch?v=-MOoS0eR5HE
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh_20v19-23_-_Pinksterfees.pdf
Vrydag 29 Mei
Videoboodskap
https://www.youtube.com/watch?v=5KF2AsX3R3Y
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_3v14-22_-_Laodisea.pdf
Donderdag 28 Mei
Videoboodskap
https://www.youtube.com/watch?v=khbZG9J5b6g
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_3v1-6_-_Sardis.pdf
Woensdag 27 Mei
Videoboodskap
https://www.youtube.com/watch?v=qdCkDyFT1Lc&t=128s
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_2v18-29_-_Tiatira.pdf
Dinsdag 26 Mei
Videoboodskap
https://www.youtube.com/watch?v=HjVGC6cnAy0&t=2s
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_2v8-11_-_Smirna.pdf
Maandag 25 Mei
Videoboodskap
https://www.youtube.com/watch?v=XCw56rE-7iE
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_2v1-7.pdf
Sondag 24 Mei
Video
https://www.youtube.com/watch?v=pEvJbS_7tgU
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_5v6-11.pdf

HEMELVAART Donderdag 21 Mei
Video boodskap
https://www.youtube.com/watch?v=R0sc2tNHeJg
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Efes_1v15-23_Hemelvaart_2020.pdf
Sondag 17 Mei
https://www.youtube.com/watch?v=dZnLU3ccP7U&t=1s
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_3v18-22.pdf
Sondag 10 Mei
Video boodskap
https://www.youtube.com/watch?v=79R_0qwhw38&t=8s
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v1-10.pdf
Sondag 3 Mei
Video boodskap
https://www.youtube.com/watch?v=pUa0Prgq-AM
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v18-25.pdf
Sondag 26 April
Video Boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=d5LEiVf8F0k&fbclid=IwAR2KqwwIVKXZBNtP88qHcSVZYTAfrfOPisNKZgPAb9mMIxYhetpwJzlbZdI
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v17-23.pdf
Sondag 19 April:
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=AtZEKvbljO8&fbclid=IwAR0cnDlqAbBvNJaRiRYiKbGoAVWSdivAExp_J_ZqlUAuWmR6-BSx13umqVI
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v3-9.pdf
Sondag 12 April - Paasfeesboodskap
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=DpBxPZIXYCU&t=7s
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh_20_Paasfees_12_April_2020.pdf
Vrydag 10 April – Goeie Vrydag
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=kGQtludZ7W0&t=108s
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/Jes_52v13-53v12_-_Goeie_Vrydag_10_April_2020.pdf
Sondag 5 April
https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_21v1-11.pdf

Geestelike Video-boodskappe: Ds. Bas Peters

Sondag 29 Maart 2020
https://www.lourensrivier.co.za/images/27_Maart_2020.pdf
Sondag 22 Maart 2020
https://www.youtube.com/watch?v=-lkPtfXaQjM&t=6s
https://www.lourensrivier.co.za/images/Waar_is_God_met_corona_virus_2020.pdf

VIDEO BOODSKAPPE TIJANE VISSER – LIFELINE YOUTH

https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/284822782563887/https://www.facebook.com/watch/?v=1115449375492358
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/310083456669414/
https://www.youtube.com/watch?v=HI5G11tPXFQ
https://www.youtube.com/watch?v=0mwHw-7wWwI
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2471590529819546/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/808790379644355/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjEyNDc2MjQyMjU2MjU3/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1112247929136933/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2553854564897562/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjAzNDAyNTc2NDk2OTU3/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1846330268835861/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2878453418916592/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMTkxNDUxOTc0MzU4Njg0/

VIDEO BOODSKAPPE CONSTANT VARLEY – LIFELINE YOUTH

https://www.facebook.com/watch/?v=217312626216227

VIDEO BOODSKAPPE ADRIAAN LAMBRECHTS

https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/838826366640430/UzpfSTE3MDA5NzE5MDAxMzk2MDE6MjU3MDk1OTY2NjQ3NDE0OQ/
https://www.youtube.com/watch?v=SuPSmw73Yks&t=23s

Besoek ons webblad: Lourensrivier.co.za / https://www.lourensrivier.co.za/
Besoek ons Facebook blad: Lourensrivier SeMense /
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/?ref=settings
Lifeline Youth https://www.facebook.com/ChooseALifeline/?ref=bookmarks
Lourensrivier Dinamiet KIEDZ: https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/

Die kerk is vir nou gesluit, maar ons werk gaan aan

Hoewel ons kerk, Lourensrivier Gemeente, se deure gesluit is, is kerk waar ek en jy is. Ds. Petrie en die kantoorpersoneel werk nou op 'n nuwe manier om ons lidmate te bereik.

In dié tyd van inperking is ons gemeente nou meer as ooit afhanklik van ons familie, ons lidmate se finansiële bydraes. Oorweeg dit asseblief om steeds dankoffers, deuroffers en maandelikse bydraes elektronies te doen of om van die Zapper selfoon toepassing gebruik te maak.

Bankbesonderhede
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
Bank: ABSA Bank STRAND
Rekeningnommer: 420 580 231
Takkode: 334 312
Verwysing: Naam, dankoffer/deuroffer/maandbydrae



Aanhaling/gedagte vir die week

Laat jou geloof, jou liefde, jou hoop, jou geduld, jou nederigheid en alles wat edel is, nie afhang van wat rondom jou gebeur nie, Maar laat dit voortvloei uit jou verbintenis met die lewende God wat met sy groot en kragtige mag oor jou lewe beskik.

Moenie hoop verloor nie. U weet nooit wat more sal bring nie. - Onbekend

Hoop op die beste, berei jou voor vir die slegste,
en neem alles wat op jou pad kom. - Anoniem

Liewe God, as ek vandag my hoop verloor, herinner my asseblief daaraan dat u planne beter is as my drome. - Onbekend



INNOVATION FOR THE BLIND
Kerkstraat 132 Church Street
Posbus 933 PO Box
WORCESTER 6850
023 347 2745
info@innovationfortheblind.org
www.innovationfortheblind.org
NPO 011-891

Junie 2020

Beste Leraar, Kerkraad en Gemeentelede

STERKER SAAM IN MOEILIKE TYE

Die Covid-19 pandemie het 'n ingrypende impak op elk van ons lewens en mis ons verseker ons gereelde kontak met ons gemeentes en vriende. Innovation for the Blind koester die hegte verbintenis met ons NG Kerk familie, ons anker as organisasie, en nou meer as ooit het ons u elkeen so nodig om hierdie moeilike reis saam met ons aan te pak.

Innovation for the Blind versorg tans 286 siggestremde inwoners in ons tehuise en 27 gesinne in ons ondersteunde behuising. Ons benodig dringend fondse vir die daaglikse persoonlike beskermingstoerusting wat aan elkeen van ons inwoners en personeel voorsien moet word. Ons benodig ook maandelikse kospakkies en ander benodighede vir ons 27 gesinne (65 persone in totaal) om ons instaat te stel om die nodige ondersteuning en spesiale versorging aan elkeen in ons sorg te voorsien.

Ons sien met groot dankbaarheid uit na ons **139ste verjaarsdag op 15 Junie** en ook **Nasionale Biddag vir Blindes op 21 Junie.** Ons is bevoorreg om te weet dat ons met beide hierdie geleenthede in u gebede is. Ons sou so graag hierdie groot geleenthede saam met u as gemeente wou vier en herdenk omdat ons organisasie se wortels diep geanker is in ons NG Kerk familie.

U betrokkenheid en ondersteuning is vir ons van onskatbare waarde en daarom nooi ons u uit om, indien enigsins moontlik, hierdie verjaarsdag saam met ons te herdenk deur:

1. Ons inwoners en personeel in u gebede op te dra
2. 'n Skenking van R380.00 tov die aankoop van 'n inwoner se beskermingstoerusting
3. Enige skenking te oorweeg vir die aankoop van kosvoorraad vir ons 27 gesinne
4. 'n Spesiale bydrae tot ons ondersteuningsdienste aan siggestremdes in ons sorg

Dankie vir u gebede en onderskraging in hierdie tyd! Ons verenig in gebed vir ons land en ons gemeenskap, maar ook spesifiek vir ons kerke en kerkliggame wat ondersteuning en leiding bied aan lidmate en in die gemeenskap.

Vriendelike groete en seënwense

Corrie Malan
Fondswerwing & Bemarking

BANKBESONDERHEDE:
Innovation for the Blind Fundraising
ABSA Worcester
Tjek Rek Nr: 4404 102 43
Takkode 632005
Verwysing: Naam van Gemeente